

Petrus loop op die see

101

Intussen was dit egter al byna die vierde nagwaak. Die wind het gaan lê en die skerpsiene oë van Andréas tuur in alle rigtings oor die hewig bewegende see-oppervlak en sien 'n mens op die golwe van die see wandel asof hy op die droë land loop. (*Matthéüs. 14:25*)

[2] Toe roep **Andréas** die broers, wys hulle op die wandelende gestalte wat op die see loop, en sê: "Broers dit is geen goeie teken nie, dit is 'n seespook! As die wese hom laat sien, kan die seelui niks goeds verwag nie!" (*Matthéüs. 14:26*)

[3] **Almal** stem weldra in met die mening van Andréas, word daarop vreeslik bang en begin uit te roep: "O JaHshua, waarom het U ons verlaat, sodat ons nou almal reddeloos ten gronde moet gaan!? O, as U nog êrens is, dink dan aan ons en red ons van hierdie sekere ondergang!"

[4] Terwyl die leerlinge nog so skreeu en om hulp roep, nader **Ek** die skip tot op tien treë en sê aan die vreesbevange leerlinge: "Troos julle, **Ek IS Hy** immers! Wees dus nie bang nie!" (*Matthéüs. 14:27*) - Toe word die leerlinge stil.

[5] **Andréas** sê: "My hemel, dit is JaHshua, ons Majesteit en Meester!"

[6] Maar **Petrus** twyfel nog en sê: "As dit Hy is, dan moet Hy my op die see laat kom, sodat ek ook, netsoos Hy, met my voete die water as vaste fondament kan gebruik!"

[7] **Andréas** sê: "As Hy jou sou roep, sou jy dit dan aandurf om op die bewegende see na Hom toe te gaan?"

[8] **Petrus** sê: "Ongetwyfeld! Ek weet wel dat die see hier die diepste is; as dit Hy is, sal ek niks oorkom nie - is dit egter nie Hy nie, maar 'n spook wat ons vir die gek hou, dan is ons tog almal verlore. In daardie geval gaan ek slegs 'n paar oomblikke vóór julle na die dieptes en sal vir julle almal 'n vaste woning bespreek!"

[9] Daarop gaan **Petrus** na die laagste middeldeel van die skip en skreeu in My rigting: "Meester, as dit U is, sê dan dat ek oor die water na U toe moet kom!" (*Matthéüs. 14:28*)

[10] **Ek** sê aan hom: "Kom en oortuig jouself!"

[11] Onder die angstige geroep van die broers stap Petrus vervolgens uit die skip op die water. Maar toe die broers sien dat Petrus nie sink nie, maar net soos Ek oor die water loop, verdwyn alle twyfel by hulle en elkeen glo dat dit Ek was.

[12] Maar **Petrus** haas hom om by My te kom. (*Matthéüs. 14:29*) Toe hy egter nog maar sewe klein treetjies van My verwyderd was, sien hy 'n

windvlaag aankom, wat groot golwe voor hom uit jaag. Daarom skrik hy geweldig, begin te dink dat die hoë golwe hom miskien tog sou kon meesleur, verloor daardeur iets van sy vaste geloof, en merk dat hy al tot oor sy knieë in die water verdwyn. Toe begin hy hartverskeurend te roep: "Meester, help my!" (*Matthéüs. 14:30*)

[13] Ek stap gou na hom toe, strek My hand na hom uit, trek hom omhoog en sit hom weer op die oppervlakte van die water, wat hom nou weer net soos tevore dra - **Ek** sê egter aan hom: "O kleingelowige! Waarom twyfel jy? (*Matthéüs. 14:31*)

Weet jy dan nog nie dat slegs 'n rotsvaste geloof meester van alle elemente is nie?"

[14] Maar **Petrus** sê: "Meester, vergeef my dit! Want U sien wel dat ek nog steeds maar 'n swakke mens is. **Die wind en die aanstormende golwe het my laat skrik!**"

[15] **Ek** sê: "Nou is alles weer in orde! Ons is nou by die skip, laat ons dus instap!"

[16] Daarop klim ons dan ook in die skip en die storm het op dieselfde oomblik verdwyn. (*Matthéüs. 14:32*)

[17] **Die leerlinge en skeepsknegte** kom almal na My toe geloop, prys My en sê soos in 'n koor: "Nou het ons so pas gesien dat U waaragtig die Seun van Elohim is!" (*Matthéüs. 14:33*)

[18] En My **Johannes** omhels My en druk My stewig aan sy hart en sê: "**O JaHshua van my, dat ons U weer terug het!** Nou is al ons angs weg! Maar verlaat ons nou nooit weer nie, want dit is regtig te verskriklik om sonder U te wees! Werklik, ek sal my lewe lank aan hierdie nagtelike tog op die see dink! Soveel angs en skrik het ek nog nooit deurstaan nie! Laat die storm hom nou maar rondom ons uitwoed soveel hy wil, **want nou het ons onse Meester in ons midde, wat hom kan beveel om te swyg, en dan moet die monster gehoorsaam wees aan die stem van die Almagtige!**"

Aankoms in die vrye stad Genésaret

102

Ek sê: "Of julle My sien of nie, **Ek is tog by julle**. Want as julle in My glo, op My Naam bou, vertrou en hoop, en My waaragtig liefhet, **dan is Ek altyd by julle en in julle midde**. Maar by diegene wat aan My twyfel is Ek nie, ook al sien hy My vlak langs hom staan!"

[2] Origens was dit baie goed dat broer Bartholoméüs spesifiek Judas se oë geopen het oor die aard van die Esseners. Dit sal hom weliswaar nie baie baat nie, maar vir die ander meer! Want Judas voel hom heimlik tuis by sulke illusies en dink:

'As JaHshua my nie inwy in die geheime nie, dan gaan ek na die Esseners!' - Want hy is en bly 'n vrek, en vir tien pond goud is hy liewer as die grootste waarheid uit die hemel met die ewige lewe nog daarby! As Herodes hom nou 'n goeie aanbod maak, dan verrai en verkoop hy ons almal! Hierdie aarde sal hom baie moeilik ooit kan verbeter!

[3] Daarom vorm **die groot skatte van hierdie wêreld die grootste bedreiging vir die ewige lewe van die mens!** Wat baat dit egter die mens as hy die skatte van die hele wêreld sou hê, en dit ten koste van sy siel? Vir hom wat baie het, sal mens sy siel wegneem en in groot duisternis werp, waar 'n ewige gekerm en tandegekners heers! Wat sal hy dan aan al sy skatte hê!?

[4] **Laat elkeen van julle daarom geestelike skatte versamel, wat nie deur die roes en die motte vernietig kan word nie,** dan sal julle in ewigheid alles in oorvloed hê!

[5] Kyk, hier benede op die bodem van die see lê al menige gelaaide skip met sy meesters en skeepslui begrawe! Watter wins het hulle nou wat op die markte groot somme geld wou verdien? 'n Storm maak aan al hul bietjie handel en wandel 'n einde, en hul siele is begrawe in die afgrond!

[6] Maar julle het op julle skip, wat gedurende hierdie nag deur 'n baie kragtige storm geteister was, die onvernietigbare skatte vir gees en lewe uit Elohim gelaai - en kyk, met al sy onstuimige geweld was die orkaan nie in staat om julle in die afgrond te slinger nie! En daarom het Ek te voet oor die bruisende golwe na julle toe gekom, om julle deur die daad te toon dat hy, wat slegs die ewige skatte van die hemel by hom dra, **homself maklik bo alle helse storms en golwe van die wêreldgebeure sal verhef,** en sonder om skade te ly daarvoor kan wandel, en uiteindelik tog meester is en bly van al die moeite van die wêreld.

[7] As hy sy lewenskip egter belas met die skatte van die wêreld, en die storm hom agterhaal op die

golwe van sy geldsorge, **dan sal skip en skipper beide ondergaan!** - Het julle al hierdie woorde goed verstaan?"

[8] **Almal** sê: "Ja, Meester, dit was duidelik en heel verstaanbaar en onvergeetlik waar."

[9] **Ek** sê: "Goed, laat ons dan nou oorvaar na die stadjie Genésaret en na die klein, vrye landstreek, wat die naam dra van haar klein stad!"

[10] En die knegte begin te roei en na 'n klein halfuur kom ons onderkant die stad Genésaret aan land. (*Matthéüs. 14:34*) Die see vorm by Genésaret 'n groot inham, en is slegs deur 'n nouliks tien klafter breë see-arm verbind. Daarom noem mens hierdie inham ook 'Meer van Genésaret'. Ons stap aan die linker landtong aan land, omdat die skepe wat die see-engte deurgaen en die meer van Genésaret binnevaar, tol moes betaal. Ons laat ons skip aan die landtong vasmeer en laat slegs twee knegte as bewaking agter, die ander ses gaan met ons na die stad en koop daar na behoefte brood, sout en wyn, want die nag het hulle baie honger gemaak.

[11] Ek het die weinige wat hulle gekoop het, geseën sodat hulle almal meer dae te eet en te drinke sal hê.

[12] Ek het verskeie dae in Genésaret gebly, **want dit was 'n vry stad** en mens kon daar nie deur Jerusalem of deur die tempel, en net so min deur Herodes belas word nie, omdat hierdie stad onder strenge beskerming van die Romeine gestaan het. Dié het daar 'n vaste leër, waaroor vanuit Kapérnaüm bevel gevoer word. Hoewel dit nêrens beskryf staan nie, omdat dit te onbelangrik was, was dit die presiese stand van sake.